Dié handpomp gooi water!

Mev. Louise Coetzee moes haarself oortuig dat die handpomp werk. Die pomp is voor die waenhuis by die Eerste Raadsaal in St. Georgesstraat opgesit en pomp silwerskoon drinkwater. Dié pomp sal hopelik help om klein kinders te laat begryp dat water uit die grond kom en nie sommer net uit 'n kraan nie.

Die waenhuis agter die Raadsaal is onlangs voltooi. Sodra 'n voldoende aantal ou voertuie wat deur diere getrek is gerestoureer en 'n paar uitstalpanele gereed is, sal die waenhuis vir besigtiging oopgestel word.

Intussen soek die Museum se historikus knaend na 'n slee — dit moet 'n egte mikslee wees wat baie gebruik is. Enigiemand wat weer waar ons so 'n slee kan raakloop moet asseblief vir Hannes Haasbroek skakel by (051)79609.

Komitee van Hoofde van Kulturele Instellings

Soos wat die naam aandui, is hierdie Komitee saamgestel uit die Direkteure van dié Kulturele Instellings wat koördineer met die Departement Nasionale Opvoeding om wedersyds beleid en behoeftes te bepaal.

Photo: Marius Garb

1 Dr Frank Braun (Nasionale Direkteure van S.A. Pretoria) 2 Dr Raymund van Niekerk (S.A. [illegible]
Voorsitter van die Komitee) 3 Dr Bob Brain (Transvaalmuseum Pretoria) 4 Dr [illegible]
5 Nico Smuts (S.A. Biblioteek vir Blinde Grahamstad) 6 Dr Lewin Robinson (S.A. Biblioteek [illegible]
van die Boererepublieke Bloemfontein) 8 Prof Margaret Smith (J.L.B. Smith Instituut vir [illegible]
(Afrikaanse Taalmuseum Paarl) 10 Prof Andre de Villiers (National English Literary Museum [illegible]
11 Anton Roux (S.A. Kultuurhistoriese Museum Kaapstad) 12 Mrs Rosemary Holloway (W[illegible]
13 Kol George Duxbury (S.A. Nasionale Museum vir Krygsgeskiedenis Johannesburg) 14 Dr [illegible]
15 Mev Bettie Paap (William Fehr versameling Kaapstad) 16 Dr Ivor Pols (Voorsitterskomitee [illegible]
sekundus en prof Brian Rycroft — Nasionale Botaniese Tuine van S.A. Kaapstad) 18 [illegible]
Bloemfontein — Sekretaris) 19 Dr Ben Cronje (Nasionale Kultuurhistoriese en Opvoedkundige [illegible]
(Natalmuseum Pietermaritzburg)

Afwesig: Cecil Hiatt (Methodiste versameling Kaapstad) Direkteur [illegible]
Onderwys Wetenskap en Tegnologie Pretoria)